(Vanaf Bl. 1)

behandel sal word soos ons, die instansies met wie ons 'n "gemeenskaplike omgewing" deel, respekteer. In ons geval is hierdie verwagting baie spesifiek van toepassing op die Politieke Ampsdraers en Amptenare van beide die plaaslike owerhede wat dienste aan Uilenkraalsmond verskaf, die ODM en OM en dan seker ook oorhoofs die Weskaap Provinsiale Regering.

Dit is egter ook so dat respek verdien moet word – mens kry dit nie sommer net nie. Op hierdie gebied is daar ongelukkig van ons lede wat die amptenare te Uilenkraalsmond lelik en onbeskof behandel het. Sulke gedrag is gedurende begin September 2010 deur die Senior Bestuur van die ODM baie ernstig onder die aandag van die Die Kampvereniging se Bestuur gebring.

Ek wil dan nou van hierdie geleentheid gebruik maak om almal te versoek om ordentlik met ander mense te praat en hulle met die selfde respek behandel as wat jy glo jyself en jou familie op geregtig is. Kom ons los negatiewe en kwaad tydens hierdie seisoen en tree positief waardig op – ook teenoor die wat vir ons van diens is.

Opheffing van die Moratoruims op aanbouings aan en die vervreemding van die regte.

Ons het 'n brief van die Waarnemende Munisipale Bestuurder wat aandui dat daar in beginsel besluit is om die moratoruims vanaf 1 Desember 2010 op te hef.

Dit is jammer dat die opheffing nie gouer kon kom nie maar hierdie keer word daar baie seker gemaak dat al die wetlike prosdures soos vereis, stiptelik nagekom word. Dit is noodsaaklik dat ons in hierdie geval geduld aan die dag sal lê, anders het ons baie binnekort weer iemand wat aanspraak maak dat kontrakte en ooreenkomstes nie geldig is nie.

Die hofsake wat nog voorlê kan ook nog verdere vertragings tot gevolg hê – gegee hoe daar na die uitspraak opgetree gaan word. Dit is nou die tyd om vas te byt en oë op die toekoms te hou.

Pogings aan te wend om vanjaar geen verhoging in die maandelikse heffings te hê nie.

Hier was die Bestuur van die Kampvereniging nie suksesvol nie ongeag die feit dat ons alle vereistes m.b.t. die wetgewing op Munisipale Stelsels t.o.v. kommunikasie vooraf en gedurende die begrotingsproses en besware na die eensydige implementering daarvan, nagekom het. Die Bestuur van die Kampvereniging is geïgnoreer.

Ek weet nie of die hele sage m.b.t. die "nie vergadering" van die Politieke Ampsdraers van die ODM, hulle skorsing en die goedkeur van die begroting deur die Administrateur iets met die "ignorering" van die Kampvereniging se besware te doen gehad het nie. Dit bly egter 'n baie jammer en frustrerende saak

Wat nog meer frustrerend is, is die dwarstrekkery of gebrek aan belangstelling deur die mense van Uilenkraalsmond.

Ek glo die meeste lede van die Kampvereniging se Bestuur verstaan op hierdie stadium meer as goed hoe daardie storie van die AFRIKANER KREWE werk. Ons as komitee het dit gesien en aan ons bas gevoel.

Dit is vir die Bestuur van die Kampvereniging onmoontlik om sterk standpunt in te neem oor enige saak en die ondersteuningsbasis is net weg (verdwyn). Dit is almal wat "grootbek" was en nou dit moet wys in terme van lidmaatskap en die gee van mandate. Miskien gee die mense van Uilenkraalsmond nie om nie. Dit is elkeen se eie keuse of hy of sy die Bestuur ondersteun al dan nie - maar wees dan mens genoeg en sê dit dan net hard en duidelik. Die stand soos dit tans is, is baie onbevredigend.

Poog om die saak van Privatisering te verhaas.

Op hierdie gebied was daar redelike vordering – ten minste oor die verkryging van inligting m.b.t. die geskiedenis van privatisering en oor waar dinge wat in die verlede al moes gebeur het net agterweë gelaat is – en niemand sal seker ooit weet hoekom nie.

Amptenare van die ODM en Mnr James Slabbert het die navorsing van die geskiedenis, verkryging van stawende dokumentasie en gesprekvoering en konsultasie oor die saak met oorgawe aangepak. Dit het dan ook 'n baie direkte invloed gehad oor die besluit oor die opheffing van die Moratoruims.

'n Doelwit wat niemand voorsien het nie was die "beveiliging" van die Kleinmaat Elektrisiteitverskaffing aan die mense van Uilenkraalsmond deur Overstrand Munisipaliteit.

Hierdie een het van die "blindekant" af gekom en die Kampvereniging se Bestuur was spreekwoordelik so 'n bietjie uit op ons voete. Ons het dit nie verwag nie – ten minste nie op die vlak van finaliteit waarop ons aan die begin van Mei 2010 per ongeluk afgekom het nie,

Danksy Albertus Smit se inligting, die tyd wat hy persoonlik spandeer het aan hierdie saak en ook sy baie vergaderings met ons eie Prokureur en Overstrand Munisipaliteit, is die onmiddelike bedreiging afgeweer en praat die onderskeie partye met mekaar ten einde 'n oplossing te kry wat almal sal pas.

Daar sal tydens die Algemene Jaarvergadering beslis oor die Kleinmaat Elektrisiteitverskaffing gesels word.

Neem asseblief kennis van enige inligting m.b.t. elektrisiteit verskaffing sowel as die moet en moenies soos gepubliseer in die Nuustak of in pamflette wat uitgedeel mag word.

Die doelwit om kommunikasie met ons lede te verbeter.

'n Daadwerklike poging is aangewend om soveel van ons lede en ook die wat nie lid is nie te bereik met ons nuusbriewe en brokkies inligting.

Ek weet slegs van een persoon wie se epos nie beantwoord is nie – ek het dit doelbewus nie beantwoord nie.

Alle telefoonoproepe is hanteer en ook ODM kliënte (buitestaanders) wat navrae gehad het is verwys na die regte mense. Vergun my asseblief om vir Barnie spesiaal uit te sonder en my dank ook op hierdie wyse aan hom oor te dra vir hierdie poging.

Dit is ook waar dat daar 'n klomp eposse gekom waar van ons lede wat hulle waardering uitspreek oor die inligting m.b.t. die sake van Uilenkraalsmond wat hulle ontvang het.

Almal het ongelukkig nie epos nie en blykbaar kos die pos van 'n brief al ver meer as R1.10 Die versoek is dat U asseblief 'n epos adres aan die Sekretaris van die Kampvereniging verskaf waarna inligting gestuur kan word soos dit beskikbaar kom.

En dan – asseblief mense, al hoor julle watter "rumors", die Bestuur van die Kampvereniging het ten doel om slegs in die waarheid "handel te dryf". Al blyk dit later die gerug is die waarheid, die Bestuur sal eers wag vir amptelike bevestiging voordat inligting deurgegee sal word.

Diensgelde verskuldig aan die ODM

Dit is my plig om hierdie saak aan te raak en baie belangrike inligting deur te gee. Indien daar enige dienstegelde uitstaande is vir enige spesifieke standplaas, het die ODM waarskynlik die reg om die uitreiking van 'n kontrak aan so 'n huurder te weier. Saam daarmee is die ODM onder verpligting om dit wat verskuldig is te verhaal van die een wat onder verpligting is om die skuld te delg – dit kan sover gaan as die geregtelike verkoping van skuldenaar se eiendom.Daar is so ver ek weet net twee persone wat beswaar aangeteken het teen die verhoging van maandelikse heffings en niemand het 'n dispuut met die ODM verklaar nie.

(Vervolg op Bl. 3)